

17 Augustus

1 Korintiërs 1:1-9

(Teks: 1:4)

Hoe beleef jy jou moeilikhede?

Almal beleef moeilikhede. Sommige mense word deur swaarkry opgebou; hulle kom sterker anderkant uit. Ander mense word weer deur swaarkry gebreek; hulle stort ineen.

Paulus het baie swaarkry beleef. Tog is hy nie daardeur gebreek nie. Waarom nie?

Deur en in al sy swaarkry het hy God gesien en beter leer ken. Daarom kon hy skryf: "In elke moeilikheid help Hy ons." 'n Meer letterlike vertaling sou lui: "In elke moeilikheid VERTROOS Hy ons." Só het Paulus dit ervaar.

Maar dan moes hy ook altyddeur daarvan bewus gewees het, dat dit wat met hom gebeur het nie "toevallig" was nie. Ook nie dat dit onaangename mense is wat dit vir hom moeilik maak nie. Hy het God se teenwoordigheid altyddeur ervaar en God se hand in alles gesien wat met hom gebeur.

Dit is meesal ons probleem: Ons sien mense en omstandighede raak, maar nie God se hand wat met al die mense en omstandighede sy bepaalde doel met sy kind het nie. En sy doel is nooit om te breek nie, maar om te bou. God VERTROOS.

Verkeer jy NOU onder moeilike omstandighede? Maak oop jou oë om God se hand raak te sien! Stel jouself oop vir sy troos. Hy is die God van alle VERTROOSTING.

Sing Psalm 73:1

Ds. W.L. Kuperus (Emeritus)